



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

## Kennisgewing aan Lede: Verandering van Diensverskaffers



Werknemervoordele



### UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH AFTREEFONDSDS (“die Fonds”)

Die aanstelling van die Diensverskaffers van die Fonds word gereeld hersien deur die Raad van Trustees (“die Trustees”) as deel van die Fonds se Korporatiewe Bestuursproses.

Die aktuariële, administrasie- en konsultasieaanstellings is gedurende November 2013 hersien en na ’n volledige tenderproses het die Trustees **Sanlam Werknemervoordele: Aftreefondsadministrasie (“Sanlam AFA”)** as die nuwe fondsadministrateurs en **Simeka Konsultante en Aktuarisse (“Simeka”)** as die nuwe konsultante en aktuarisse van die Fonds aangestel.

Hierdie skrywe probeer om vrae omtrent die verandering van Diensverskaffers en hoe dit die lede gaan beïnvloed, beantwoord.

**V** Wanneer gaan die oorhandiging van die Fondsadministrasie plaasvind?

**A** Sanlam AFA neem oor as administrateur vanaf 1 Maart 2014 en Alexander Forbes, die huidige diensverskaffer, sal verantwoordelik wees vir afhandeling van alle fondstransaksies tot op 28 Februarie 2014. Dit sluit die vaslegging van die Februarie 2014 fondsbydraes en afhandeling van eise tot en met 28 Februarie 2014 in.

**V** Hoe gaan die oorhandiging van die Fondsadministrasie plaasvind?

**A** Nadat Alexander Forbes die Februarie 2014 fondsbydraes op hulle administrasiesisteme vasgelê het sal die lededata en fondswaardes aan Sanlam AFA oorhandig word om op hulle administrasiesisteme te laai. Die Trustees het die Fonds se finansiële jaareinde tot 28 Februarie 2014 uitgestel om seker te maak dat geouditeerde waardes aan Sanlam AFA verskaf word. Sodra die 28 Februarie 2014 fondsoudit afgehandel is sal Alexander Forbes oordragwaardestate aan die lede uitreik om die fondswaardes, wat na Sanlam AFA op 28 Februarie 2014 oorgedra is, te bevestig.

**V** Gaan die huidige lidmaatskapnommers behou word?

**A** Nee. Sanlam AFA gaan nuwe lidmaatskapnommers uitreik, maar sal wel rekord van die ou Alexander Forbes lidmaatskapnommers vir verwysingsdoeleindes hou.

**V** Hoe gaan voordeelse gedurende die oordragproses hanteer word?

**A** Alexander Forbes gaan alle eisvorms met 'n uitdienstredingsdatum voor of tot 28 Februarie 2014, wat voor of op 15 Maart 2014 ontvang word, hanteer. Eisvorms wat na 15 Maart 2014 ontvang word sal deur Sanlam AFA verwerk word aan die einde van die oorgangsperiode, naamlik 18 April 2014.

**V** Sal die verandering in fondsadministrateur 'n impak hê op individuele beleggingsinstruksies?

**A** Nee. Individuele beleggingsinstruksies sal steeds gedurende die oorgangsperiode, 15 Maart 2014 tot 18 April 2014, uitgevoer word.

**V** Is daar enige ander veranderinge as gevolg van die oorhandiging van fondsadministrasie?

**A** Voor 1 Maart 2014 was beleggingsopbrengste aan Lede se fondswaardes maandeliks toegedeel. Na 1 Maart 2014 word beleggingsopbrengste daaglik aan die Lede se fondswaardes toegedeel. Dit is net 'n ander manier waarop beleggingsopbrengste toegedeel word en stel die fondsadministrateur in staat om eise vroeër na die uitdienstredingsdatum te verwerk.

**V** Sal voordeelstate soos gewoonlik uitgereik word?

**A** Alexander Forbes sal die voordeelstate soos op 31 Desember 2013 uitreik en Sanlam AFA sal die voordeelstate soos op 31 Desember 2014 en daarna uitreik.

**V** Sal Lede steeds toegang tot hul rekords deur die internet hê?

**A** Na 15 Maart 2014 sal toegang tot die Alexander Forbes administrasiesstelsel nie meer beskikbaar wees nie. Sanlam AFA sal aan die einde van April 2014 lede toegang tot hul rekords verleen deur hul aanlynstelsel, die Retirement Fund Web. Pinkodes en wagwoorde vir toegang tot die stelsel sal mettertyd deur Sanlam AFA uitgereik word.

**V** Sal die verandering van Diensverskaffers enige invloed hê op die beleggings van die Fonds?

**A** Geen verandering ten opsigte van die fondsbeleggings, sowel as die beleggingstrategie, sal plaasvind nie.

**V** Word die huidige risikovooredele beïnvloed deur die verandering van Diensverskaffers?

**A** Nee, geen verandering ten opsigte van die risikovooredele sal plaasvind nie. Kommissie op die versekerdevooredele sal egter nie meer vanaf 1 Maart 2014 betaal word nie.

**V** Word die Lede bevoordeel deur die verandering van Diensverskaffers?

**A** Daar is 'n besparing ten opsigte van die aktuariële, administrasie- en konsultasiefooie en kommissie sal nie meer op die risikovooredele betaal word nie (dit verlaag die premies).